

9 November

Skrifgedeelte: Matteus 11:20-30

Fokusgedeelte: NGB, Art 28

Die eenheid van die kerk – buig onder die juk van Jesus Christus

Die eenheid van die kerk word nie noodwendig gestig deur wonderdade, slimheid of geleerdheid nie. Soos in die Comrades-marathon kom dit tot stand wanneer mense hulle kollektiewe moegheid insien. Die besef dat ALMAL swaar kry (soos jy swaar kry), kweek 'n eenheid, 'n kameraderie.

Net so kan die eenheid van die kerk baie daarby baat as ons as lidmate onder mekaar nie al te dapper, slim en suksesvol optree nie. Die waarheid is dikwels dat ons almal eintlik baie keer tot die dood toe bekommerd, oorlaai, moeg gewroeg en uitgeput is. Soms kos dit moeite om op te staan en jou deur nog 'n dag voort te sleep. Mag ons mekaar tog weer in die eenvoud van ons brose menswees raaksien, want in sulke eenvoud openbaar God dít wat Hy vir selfgenoegsame mense verborge hou, naamlik die kollektiewe rus wat daar in Jesus Christus is (vers 25), die sagtheid van sy sagmoedigheid en die diensbaarheid van sy nederigheid (vers 29). Hoe wonderlik is dit om saam te beleef dat Jesus Christus al die bekommernisse een vir een op Hom neem, al die sondeskuld, moeite, mislukkings en verdriet wegvat. Selfs nog meer as saam swaarkry, kweek die beleving van sulke genade 'n eenheid tussen verlostes.

Ons eenheid baat egter nog meer as ons buig onder die kollektiewe juk; die sagte en ligte juk (vers 30); die juk van Jesus Christus. Hierdie juk behels om deur die lewe gaan en oor niks bekommerd en met niks belaaie te wees nie, behalwe met dit wat Jesus van jou verwag. Hierdie juk dra jy nooit alleen nie. Saam dra ons mekaar se laste en gee só uitvoering aan die wet van Christus (Gal 6:2).

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)